Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 13, Nr 2, 1983. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Book Reviews/Boekbesprekings

***Boer War Tribute Medals* by M.G. Hibbard, published by Constantia Classics Publications, Sandton. Profusely illustrated, rolls of recipients, etc. Collectors edition R290-00 + GST Standard edition R112-00 + GST.**

When the soldiers of Great Britain and the Empire came home after serving in the Anglo-Boer War of 1899–1902 some of the places to which they returned, their regiments and other bodies chose to reward them with unofficial medals which were usually presented at a formal function held in their honour. This book is about the history of these medals and includes the unofficial medals presented to the defenders of Kimberley and O'kiep.

The book is illustrated with superb colour photographs by Mr Gerald Hoberman who is probably the most outstanding numismatic photographer of our time. It is so expensive that many medal collectors who would otherwise have purchased a copy will not be able to afford to do so. Museums and libraries with limited budgets will also not be able to afford it and the information it contains will not be easily accessible. One can only hope that it may be possible to publish an inexpensive edition in the not too distant future.

Nonetheless its publication is an important event because some of the medals illustrated are the only ones known and it is obviously vital that they should be adequately recorded. Most of the medals are in the private collections of two Cape Town collectors, Mr M.G. Hibbard, the author of the book and Dr F.K. Mitchell and South Africans can feel proud that their countrymen have gone to considerable trouble and expense to build up their collections and have been the first to draw attention to this neglected subject.

Those unfamiliar with these medals will be struck by their variety. Some closely resemble Victorian campaign medals, some might easily be mistaken for enamel bowling badges or masonic jewels and some are similar to the gold medals awarded by the Victorians for prowess on the sportsfield.

For many years most of the medals described in this book were ignored by collectors and dealers and it is virtually certain that many of the gold ones were melted down. To some extent they may be regarded as a barometer of the patriotic fervour which prompted those who had stayed at home to reward those who had fought in the Anglo-Boer War. Their recipients probably saw them as reminders of the all too brief hour of glory which marked their homecoming and probably remembered with bitterness how quickly their war service was forgotten. Perhaps this is why so few of the medals have survived.

**Lt Cdr W.M. Bisset**

**Richard M. Nixon: *'The Real War'* (Warner Books, New York, Mei 1980)**

**Die Bedreiging wat die USSR inhou**

Nixon doen 'n beroep op alle leierselemente in die VSA om te besef dat die Weste in 'n worstelstryd met die USSR gewikkel is waarin sy vermoë om tot die volgende eeu te oorleef ernstig bevraagteken word. Die tyd om tot besinning te kom gaan vinnig verby en teen 1985 sal die USSR 'n onbetwiste kernsuperioriteit, oorweldigende oormag op land asook minstens superioriteit ter see behaal het.

Die VSA het gedink dat eensydige magsbeperking en welwillendheid die USSR sal beweeg om ook sy militêre mag te beperk. Lg het egter sy militêre mag volgens koherente strategiese doelwitte met rasse skrede uitgebrei en 'n uitdaging op militêre, ekonomiese, politieke diplomatieke en filosofiese vlakke gerig om sy opperheerskappy wêreldwyd te vestig. In hierdie totale oorlog beweeg hy vinnig om sy doel te bereik.

Dit is egter meer waarskynlik dat die VSA sonder 'n oorlog verslaan kan word want hoewel hy die vermoë het om sy paraatheid op te knap, het hy 'n tekort aan bereidwilligheid om op te offer en wilskrag om te wen. Die VSA beleef 'n strategiese uitdaging van globale dimensies en 'n nuwe strategiese gewaarwording en reaksie word benodig.

Terwyl die Weste aan die Derde Wêreldoorlog dink in terme van 'n kernslagting en die afwesigheid van kernoorlog as vrede beskou, dink die

Sowjet-Unie aan "n oorlog genaamd vrede'. Dit is die eerste werklike globale oorlog en wat die magsbalans êrens affekteer, affekteer dit orals. Die USSR se onmiddellike doelwitte is Afrika, die Midde Ooste, Asië en Latyns-Amerika. Wes-Europa en Japan is intermediëre doelwitte en die VSA die einddoel.

Sowjet penetrasiemetodes in Afrika en die strategiese implikasies van Sowjet-beheer van Ethiopië en Angola word aangedui. Die rassekwessie word onder die dekmantel van morele verontwaardiging gebruik vir bereiking van Sowjet strategiese doelwitte en die VSA moet Afrika herken as die strategiese slagveld wat dit is. Die RSA moet tyd gegun word en geen kitsveranderings moet daar geëis word nie.

In Latyns-Amerika heers kommer weens die VSA se gebrekkige beskerming teen Sowjet ekspansionisme. Kommunisme is in Kuba toegelaat en Ig is toegelaat om dit na die vasteland uit te voer. Die gebied se olieprodusente word hierdeur wesentlik bedreig.

Die USSR gebruik terrorisme as 'n instrument van nasionale beleid en die meeste terrorisorganisasies verkry Sowjet-steun. Nadat die CIA ontman is deur Kongressionele ondersoeke het terrorisme wêreldwyd geweldig toegeneem. Die Weste bly retireer en die USSR wag tot die vyand se morele disintegrasie die doodslag maklik maak. Teen hierdie gebrek aan wilskrag word sterk gewaarsku anders kan die Weste die Derde Wêreldoorlog by verstek verloor.

Die afgelope sewe eeue was Rusland nooit 'n nie-ekspansionistiese moondheid nie en gebiedsuitbreiding is vir hulle 'n natuurlike aktiwiteit. Die Tartaarse en Mongoolse oorheersing het Rusland in 'n tradisie van despotisme en 'n meedoënlose polisiestaat gedwing. Die bewindsverandering van tsaar na kommunistiese diktatuur het die imperialisme versterk en die huidige bewind is 'n neo-tsaristiese voortsetting van 'n totalitêre staat waarin Marxisme as lewensgids irrelevant is.

Om die USSR se drang na wêreld-oorheersing te stuit, moes die VSA na die Tweede Wêreldoorlog in die bresse tree omdat die vooroorlogse grootmoondhede dit nie meer kon doen nie. Dit is dus nou lewensnoodsaaklik vir die VSA om soos die Britte in globale terme te dink.

Die Sowjetminister Molotov het gesê dat die Persiese golfgebied die middelpunt van die USSR se aspirasies is. Agtien jaar voor die Midde-Oosterse krisis het die Kremlin reeds beplan om Arabiese nasionalisme te eksploiteer om olievoorsieningsprobleme vir die Weste te skep. Olie is die lewensbloed van die Weste se ekonomieë wat op hul beurt die fondament van sy militêre krag is.

Die Westerse lande het geleidelik invloed in die Persiese golfgebied verloor. Eisenhower het erken dat die Amerikaanse optrede gedurende die Suez-krisis van 1956 'n tragiese misrekening was. Die oliekrisis van 1973 het die wêreld se ekonomiese struktuur omgekeer en bewys dat olie ontsegging Wes-Europa en Japan net so effektief soos 'n kernaanval kan verwoes. Die Sowjet-knyptang om die Midde-Ooste vanuit Afganistan en die Horing van Afrika asook hul vloot teenwoordigheid in die Indiese Oseaan is 'n ernstige bedreiging vir die Weste se olietoevoer. Die verdwyning van Iran as stabiliserende invloed verhoog die onstabiliteit en die onbeholpenheid van die VSA se buitelandse beleid het Westersgesinde lande hul vertroue in die VSA laat verloor sodat hul Sowjet-toenadering nou meer geredelik toelaat.

## Die Viëtnam Sindroom

Viëtnam was 'n beslissende veldslag in die Derde Wêreldoorlog waar die VSA sy Waterloo ontmoet het terwyl dit vir die USSR een van lae risiko was. Die CIA het die Diems regering suksesvol gehelp om ondermyning deur Noord-Viëtnam te bekamp maar is na die Bay of Pigs debakel in Kuba vervang met Pentagon betrokkenheid, en die Viëtnamese oorlog is veramerikaniseer tot daar uiteindelik 550 000 Amerikaanse troepe ontplooi was. Die Nixon doktrine is ontwerp om hierdie wantoestand te verhelp. Hiervolgens moet 'n land onder kommunistiese bedreiging die primêre verantwoordelikheid vir sy verdediging en die las van mannekrag-voorsiening dra. Amerika sal 'n ondersteunende rol speel. Hierdie doktrine het teen die einde van 1969 begin vrug afwerp en die VSA kon vanuit 'n posisie van mag oor vrede onderhandel.

Polities is die oorlog egter binne die VSA verloor. Die massamedia het die vyand bevoordeel en die bondgenoot veroordeel, sodat die openbare mening vergiftig is. Die Kongres het gevolglik alle militêre steun aan Indosjina stopgesit en die president is die vermoë ontneem om die vredesooreenkoms af te dwing. Die vyand het die toestand uitgebuit totdat die VSA sy gewone posisie

moes prysgee. Die twyfel oor die VSA se betroubaarheid en die bemoediging wat die kommuniste uit hul oorwinning geput het, sal die VSA se beleid nog vir dekades benadeel. Dit het die daaropvolgende suksesse van die USSR in Afrika en Afganistan grootliks vergemaklik.

## Sjina

Hoewel Sjina met die bewindsoorname van Mao Tse tung die kommunisme aangegryp het en wêreldwyd probeer bevorder het, het 'n skeuring met die USSR al gou ontwikkel. Dit was aanvanklik 'n kompetisie van leierskap maar die historiese onderlinge wantroue tussen die Sjinese en Russe het die skeuring teen 1961 byna algeheel gemaak.

Teen die end van die 1960's het Mao 'n koersverandering aangebring wat deur sy pragmatiese opvolgers behou is. 'n Toenadering tot die VSA het ontstaan wat, in die lig van die grootte, bevolking en potensiaal van die veranderende Sjina die magsbalans van die wêreld affekteer en bepalend mag inwerk op die oorlewingsmoontlikheid van die Weste. Hierdie toenadering het ontstaan omdat Sjina in die USSR sy ernstigste, onmiddellike bedreiging sien. Die huidige pragmatiese leiers val nie vas in ideologie nie en streef hul nasionale belange na. Hierin openbaar hul 'n verfynde geopolitieke uitkyk: wat die USSR verswak verminder die bedreiging teen Sjina. Daarom steun hulle 'n sterk NAVO.

In hierdie nuwe verhouding sal Sjina die VSA egter goed dophou om te besluit of laasgenoemde die mag en die leierskap met die wilskrag het om sy vriende teen Sowjet aggressie te beskerm. Indien die VSA hierin te lig bevind word sal Sjina in sy eie belang weer 'n skikking met die USSR soek.

## Militêre Mag

'n Strategiese voordeel aan die kant van die VSA verminder die gevaar van oorlog of 'n neerlaag sonder oorlog. Hierdie voordeel het egter verlore gegaan en tans is die balans besonder gevaarlik. As die USSR die voordeel behaal sal hy plaaslike aggressie kan pleeg sonder vrees vir 'n massale kernrespons en sal selfs 'n eerste aanval op die VSA kan loods wat lg se teenaanvalsvermoë kan vernietig.

Terwyl die USSR se verdedigingsbegroting geskat word op 15% van sy BBP in die 70's en tot 18% in 1980, het die VSA se uitgawes gedaal na 5% van sy BBP in 1978. In reële terme het die begroting in een dekade met 33% afgeneem. Teen 1985 sal die USSR 'n 6–1 oormag in teenmilitêre vermoë besit en meer as 5–1 in aflewerbare megatonne.

In die strategiese wapenbeperkingsamesprekings (SALT) was die VSA bereid om sy strategiese oormag prys te gee in ruil vir 'n onderlinge afstrikking gebaseer op pariteit en 'n versekerde wedersydse vernietigingsvermoë. Die USSR het egter buite die bepalings van die ooreenkoms sy militêre vermoë sodanig uitgebrei dat hul die VSA op baie terreine verby gesteek het. SALT I het die VSA egter nie 'n ondergeskikte posisie vasgevries nie en die strategiese drietal, die MX missiel, die Trident duikboot en die B1 bomwerper is aangepak om die wanbalans te herstel. Die Carter bewind se kansellering van die B1 mag een van die strategies grootste mistastings wat die VSA ooit gemaak het, wees omdat die B1 tientalle miljarde dollars van die USSR se offensiewe begroting na sy defensiewe begroting sou laat herkanaliseer.

In die strategiese wapenbeperkingsamesprekings (SALT) was die VSA bereid om sy strategiese oormag prys te gee in ruil vir 'n onderlinge afskrikking gebaseer op pariteit en 'n versekerde wedersydse vernietigingsvermoë. Die USSR het egter buite die bepalings van die ooreenkoms sy militêre vermoë sodanig uitgebrei dat hul die VSA op baie terreine verby gesteek het. SALT I het die VSA egter nie in 'n ondergeskikte posisie vasgevries nie en die strategiese drietal, die MX missiel, die Trident duikboot en die B1 bomwerper is aangepak om die wanbalans te herstel. Die Carter bewind se kansellering van die B1 mag een van die strategies grootste mistastings wat die VSA ooit gemaak het, wees omdat die B1 tientalle miljarde dollars van die USSR se offensiewe begroting na sy defensiewe begroting sou laat herkanaliseer.

Die bedreiging teen NAVO is groter as ooit en NAVO kan selfs 'n konvensionele oorlog nie weerstaan nie. Alvorens verdere wapenbeheerooreenkomste met die Warskou verdragslande aangegaan word, moet die militêre situasie in NAVO verbeter word.

Japan bewillig minder as een persent van sy BBP aan verdediging omdat hy sedert 1945 onder die VSA se militêre beskerming kan leef. Hierdeur kon sy ekonomie met rasse skrede vooruitgaan. Japan se verdedigingspoging moet

egter verhoog word en hy moet kompenseer vir sy byna gratis verdedigingsituasie deur meer die ekonomiese las te help dra, deur bv buitelandse hulp te vergroot.

Die USSR se maritieme mag groei vinnig maar tot nogtoe word slegs die helfte van die skeepsbou-vermoë benut. Die vloot bedreig nie net Westerse skeepsroetes nie, maar projekteer die USSR se militêre mag na alle uithoeke van die aarde. In die Weste kompeteer verdedigingsbesteding met sosiale besteding maar die belangrikste sosiale diens is om 'n volk lewend en vry te hou.

## Ekonomiese Mag

Ekonomiese krag is noodsaaklik vir 'n suksesvolle strategie in die Derde Wêreldoorlog. Die Weste produseer viermaal meer as die Sowjetblok en die Sowjet-Unie toon tekens van verminderde ekonomiese groei. Hulle probeer voortdurend van die beste Westerse tegnologie te bekom en terselfdertyd om die Westerse ekonomie te beskadig. Oos-Europese volke is oorwegend anti-Russies en handel met hulle vermeerder hul opsies om die Sowjet wurggreep op hul ekonomieë te verlig en sodoende politieke oorheersing teen te werk. Om die VSA se ekonomiese vermoë optimaal aan te wend word 'n soort Raad vir Ekonomiese Oorlogvoering bepleit.

## Wilskrag en Leierskap

Die deurslaggewende element van 'n wenstrategie is wilskrag en juis dit skyn afwesig te wees in die VSA. Gevorderde beskawings word sagter en meer kwesbaar namate hul ryker en vetter word. Hulle word oorwin omdat hul nie die nodige wilskrag openbaar nie al het hulle al die nodige wapens. Die Sowjet totalitarisme kan sy poging in enige veld konsentreer maar 'n pluralistiese gemeenskap nie. Die Amerikaanse intellektuele 'establishment' weier om enige gevaar van links te sien terwyl die massamedia met hul geweldige mag die volkswil manipuleer soos hulle goedvind. Niks kan 'n volk red as die besluitnemers en -formuleerders besluit het om te kapituleer nie. As die VSA verloor sal dit meer die faling van die leiersklas wees om die werklikheid in die gesig te staar. Dit benodig wilskrag om uit die letargie en najaging van plesier te ontwaak om vryheid te verdedig.

Die leierskap van die president van die VSA is bepalend vir die hele Weste. Hy moet al die magte tot sy beskikking effektief en verantwoordelik aanwend en die nodïge wilskrag daartoe besit. Hy moet 'n 'globale' uitkyk hê en kan onderskei tussen bondgenote wat 'n mate van menseregte eerbiedig, en vyande wat alle menseregte misken. Sy diplomasie moet in privaatheid uitgevoer word met gewaarborgde geheimhouding.

Die kwaliteit van inligting tot die president se beskikking is van die uiterste belang. Die CIA het vir elf opeenvolgende jare die USSR se magsopbou onderskat sodat die Weste nou in gevaar van kernafdreiging staan. Die vermoë van die inligtingsgemeenskap behoort dringend opgeknap te word.

## Detente en Teenoptrede

Detente tussen Oos en Wes beteken nie entente nie. Dit is ook nie 'n alternatief vir die koue oorlog nie. Beide is alternatiewe vir 'n warm oorlog. Detente kan nie sonder insluiting ('containment') plaasvind nie en is gevaarlik daarsonder. Insluiting behels 'n element van mag en hoe minder 'n staat soos die USSR morele verpligtinge respekteer hoe meer respek het dit vir fisiese mag. Detente kan die moontlikheid van 'n misrekening wat kernoorlog tot gevolg kan hê, verminder en in sekere gebiede konfrontasie vervang met onderhandeling. Detente kan egter nie die Russe in gawe kêrels verander nie.

In 'n strategie vir oorwinning moet die oorlog nie tot die Westerse kant van die grense beperk word soos tans nie, maar die oorlog behoort ook na die Kommunisitese kant gevoer te word. Hiervolgens behoort Savimbi van Angola deur die VSA gesteun te word.

## Kommentaar

"The Real War" getuig van 'n grondige insig in die aard van die Sowjet-bedreiging en verkondig die beoefening van politieke realisme in teenstelling met die idealistiese benadering van die Carter-bewind. Wanneer gelet word op die uitsprake en aksies van die Reagan administrasie kan in vele opsigte 'n duidelike ooreenkoms met die gedagtes van Nixon gesien word. So 'n beleid kan tot voordeel van die RSA ontplooi in die volgende vier jaar.

**M. van Dijkhorst**